SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 03 JULIE 2005

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar sowel as per Echolink vanaf ZS6FCS. Willem, ZS6ALL, herlei tydelik die bulletin op 3 695 kHz ESB. Aanbiedinge van vrywilligers vir herleiding op 3 695 kHz, met goeie ontvangs vanaf die 145,725 herhaler in Pretoria, sal verwelkom word. Stuur asb. u aanbiedinge aan George, ZS6NE, dmv. e-pos na gth@absamail.co.za. Gedurende die afgelope week is geen aanbiedinge ontvang nie.

STIL SLEUTEL

Dit spyt Sarlnuus om te moet aankondig dat ons die treurige nuus onyvang het dat Hans Halgreen, ZS6AKJ, op Donderdag 30 Junie oorlede is. Ons innige simpatie gaan aan sy familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

OPGRADERING ZR-ZS IS NOU IN VOLLE SWANG

EERSTE NOMINASIE VIR DIE SIEMENS RADIOAMATEUR-VAN-DIE-JAAR-TOEKENNINGS ONTVANG

WEERLIGBESKERMING - EEN VAN DIE ONDERWERPE WAT TYDENS DIE SARL RTA OPE DAG BESPREEK SAL WORD

GAREC - TERUGVOERING

WEERPRENTE OP INTERNET BESKIKBAAR

ZS6JDE AS 9J2JD VAN 2 TOT 20 JUNIE OP DIE LUG

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems. Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675 2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradioaangeleenthede.

Sarlnuus maak staat op nuusinsette van klubs en individue aangaande amateurradioaktiwiteite. Die enigste manier om te verseker dat u berigte Sarlnuus bereik is om dit in die korrekte plek op die webwerf van die SARL nl. www.sarl.org.za/newsinbox.asp te plaas nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Daar is geen waarborg dat u bydrae Sarlnuus sal bereik, of in 'n bulletin ingesluit sal word, indien dit op enige ander manier, of later as

die Donderdag, ingestuur word nie. Indien moontlik doen dit asb. in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede.

OPGRADERING ZR-ZS IS NOU IN VOLLE SWANG

Die ZR na ZS opgraderingsproses is nou in volle swang. Daar is 5 maniere waarvolgens 'n ZR na 'n ZS kan opgradeer. Een van hulle is dmv. 'n 5 wpm. morsekodetoets. Die vereiste vorms vir hierdie opsie is al vir 'n hele tyd op die SARL se webtuiste beskikbaar. Vee Antal, ZR6ZEN, die SARL se administrateur, het alreeds aansoeke geprosesseer en die vereiste papierwerk aan OKOSA voorgelê.

Die vorm vir die oorblywende 4 opsies, wat deur geregistreerde assesore afgelaai kan word, is ook nou op die webtuiste beskikbaar. Indien u een van hierdie opsies kies, kontak 'n assessor in u area. U lokale klub, of die SARL-kantoor, kan u help om uit te vind wie die naaste assessor aan u is.

Die ander opsies is:

Bedryfsprestasie. Bevestigde kontakte met 100 verskillende stasies op enige kombinasie van bande of modusse. Let wel dat die vereiste van 100 verskillende stasies beteken dat elke stasie net eenmaal getel mag word, alhoewel dit op verskeie bande of modusse gekontak mag gewees het.

Elektroniese konstruksie. Die kandidaat moet die volgende apparate bou en die werking daarvan demonstreer: 'n Direkte omskakeling- of superheterodiene ontvanger wat uitsendings in enige van die amateurbande en enige van die modusse wat aan die amateurdiens toegeken is kan ontvang en demoduleer.

'n Kristalbeheerde sender wat gemoduleerde seine teen 'n drywing van 1 W in enige van die amateurbande en enige van die modusse wat aan die amateurdiens toegeken is kan uitsaai.

Gemeenskapsdiens en noodkommunikasie. Die kandidaat moet bewyse verskaf dat hy of sy minstens 50 uur kommunikasiediens verskaf het tydens een of meer gemeenskapsdiensbedrywighede.

Erkenning van professionele kwalifikasies. Die kandidaat moet bewys verskaf dat hy of sy oor enige van die volgende kwalifikasies beskik: 'n Nasionaal erkende tersiêre graad, diploma of vakmansertifikaat in elektronika of radio wat normaalweg minstens 2 jaar studie ter verkryging vereis of: 'n PMG1 of ekwivalente sertifikaat wat die kandidaat as 'n marineradio-offisier kwalifiseer.

Al die inligting is op www.sarl.org.za beskikbaar.

EERSTE NOMINASIE VIR DIE SIEMENS RADIOAMATEUR-VAN-DIE-JAAR-TOEKENNINGS ONTVANG

Die eerste nominasie vir die Siemens Radioamateur-van-die-Jaar-toekennings is ontvang. Die sluitingsdatum is 31 Julie, dus is daar nog heelwat tyd om

nominasies in te dien. Klubs word aan die juniorkategorie vir onder 25-jariges herinner. In die verlede was hierdie kategorie swak ondersteun. Deur na klubbulletins te luister hoor 'n mens dikwels van prestasies deur jonger radioamateurs, maar klubs is traag om nominasies vir die Jong Radioamateur-van-die-Jaar-toekenning in te dien. Besoek www.amateurardio.org.za vir volledige besonderhede en die nominasievorm.

WEERLIGBESKERMING - EEN VAN DIE ONDERWERPE WAT TYDENS DIE SARL RTA OPE DAG BESPREEK SAL WORD

Kundiges van Clearline sal tydens die SARL se Radiotegnologie-in-Aksie ope dag 'n lesing aanbied oor hoe om jou amateurradiostasie en ander elektroniese toerusting teen weerlig te beskerm. Die gebeurtenis sal op Saterdag 20 Augustus in die Nasionale Amateurradiosentrum in Gauteng plaasvind. Die aktiwiteite begin met 'n vlooimark om 08:30 gevolg deur drie strome van lesings en demonstrasies vanaf 10:30. 'n Volledige program sal vanaf vroeg volgende week op die SARL se webtuiste beskikbaar wees. Indien u gereelde opdaterings verlang, stuur 'n e-pos aan rta@sarl.org.za met RTA in die onderwerplyn. Wat u ookal doen, wees daar!

GAREC - TERUGVOERING

Die eerste "Global Amateur Radio Emergency Communications Conferece" of GAREC, het so pas in Tampere in Finland plaasgevind en Francois Botha, ZS6BUU, die nasionale ko-ordineerder van Hamnet, het die voorreg gehad om die vergadering by te woon. Hy rapporteer dat dit 'n uitstekende geleentheid was om kollegas wat wêreldwyd met noodkommunikasie te doen het te ontmoet, en idees uit te ruil.

Die hoofrede van die konferensie was om uit 'n internasionale oogpunt die doeltreffendheid van amateurradio na rampe onder die soeklig te plaas asook om 'n terugblik te werp op die nagevolge en wat geleer is na die tsunami van 26 Desember 2004. Ook vir bespreking op die Agenda was die samestelling van noodstrukture in verskeie lande, watter probleme daar was met die opstelling van sulke groepe en hoe hulle geadministreer word.

Daar was ook gekyk na nouer samewerking tussen die verskeie noodkommunikasiegroepe wêreldwyd asook die instelling van spesifieke noodfrekwensies waar byeengekom kan word na 'n internasionale ramp, asook die opstelling van 'n internasionale handleiding oor noodkommunikasie.

Die nuusbulletin van die SARL verlede Sondag het genoem dat konsensus wel bereik is aangaande die instelling van noodkommunikasiefrekwensies. Hierdie voorstel is ingedien deur Nederland en Suid Afrika, sowel as 'n paar ander lande. Hierdie voorstel vir die skepping van "Centre of Activity Frequencies" sal nou bespreek en moontlik geïmplimenteer word na die volgende IARU-konferensie waar al 3 internasionale streke teenwoordig sal wees.

Francois het verduidelik hoe die stelsel in Suid Afrika werk, veral op die frekwensie van 7,070 MHz wat as 'n "gekose" noodfrekwensie beskou word. Die woord

"verkeer" of "traffic" word beskou as 'n versoek om die frekwensie oop te stel vir noodverkeer.

Die woord "traffic" sal moontlik nie noodwendig aanvaar word nie aldus Mark Wood, G4HLZ, van die RSGB. Hy het genoem dat daar wel ander woorde is soos bv. "Priorité, Pan Pan en Emergency" wat gebruik kan word maar die gebruik van 'n gekose woord sal wel bespreek en op besluit word.

Verskeie lande, 10 altesaam, insluitend Suid Afrika, het voorstelle gemaak oor hulle struktuure en 7 lande die volgende dag oor hulle onlangse rampe en oefeninge. Dit was vanselfsprekend dat die voorstelle van Indië en Sri Lanka byval gevind het oor die nagevolge van die onlangse tsunami. Die voorstelle was uitstekend voorberei. Die afgevaardigdes uit Indië en Sri Lanka was spesiaal uitgenooi om die vergadering by te woon.

Altesaam 43 verteenwoordigers uit 17 lande was teenwoordig tydens 2 dae van harde werk.

Die besoek aan Finland word meer breedvoerig bespreek in die Hamnetbulletin later vanogggend om 12:00 en Francois is ook gevra om verskeie artikels aangaande hierdie konferensie te skryf. Hy is ook van plan om 'n vinnige besoek te bring aan verskeie stede, maar die datums vir hierdie besoeke is nognie vasgestel nie.

"Inderdaad, 'n baie insiggewende ondervinding!" sê Francois.

WEERPRENTE OP INTERNET BESKIKBAAR

Kobus, ZS6KOB, het Sarlnuus in kennis gestel dat weens sy aktiwiteite met weerprente hy nie meer die voortplantingsverslag en -voorspellings kan behartig nie. Ons hartlike dank aan hom vir die diens wat hy oor 'n lang tydperk aan die radioamateurs in Suid-Afrika gelewer het. Sarlnuus is besig om 'n opvolger te soek.

Hier volg wat Kobus oor sy nuwe taak te sê het: "Ek is nou voltyds besig met my nuwe weerprente vanaf Meteosat 8. Dit is nou meer geen geheim nie - dit is vanaf gister (30 Junie) op 'n webtuise! Dit was 'n reuse werk en sal my daagliks vir baie ure besig hou - dit is die rede hoekom my tyd nou so beperk is. Jy kan maar Sondag en ook in die SARL-bulletin aankondig dat my prente nou op 'n webtuiste is - die eerste van hierdie aard in die wêreld. Ek sal vreeslik graag terugvoer hieroor wil hê - of per e-pos of op my sel - 082 927 3854. Die webadres is as volg: http://www.yabazoo.com/weather-photos.php."

U kan gerus gaan kyk, die beelde is uitstekend. Dankie Kobus en sukses met jou nuwe onderneming.

ZS6JDE AS 9J2JD VAN 2 TOT 20 JUNIE OP DIE LUG

Hannes, ZS6JDE, gaan vanaf 2 to 20 Julie met die roepsein 9J2JD in Zambië op die lug wees en sal daagliks probeer om per spraak op 40 m, 30 m en 20 m aktief te wees asook per WSJT op 50,265 HSB en 144,265 HSB. Hy sal 30 sekonde

periodes gebruik en eerste uitsaai. Hy hoop ook om 'n paar 2 m EME-kontakte soos per skedule te maak.

Hy sal 7,062 MHz monitor. Stuur e-pos aan 9j2jd@winlink.org of sms aan +27827839275 vir skedulering terwyl hy in Zambië is.

MIDLANDS ARK AJV

Die Midlands Amateurradioklub wens al sy lede te herinner dat sy AJV om 11;00 OP Saterdag 16 Julie in die Carbineer's Konferensiesentrum, Greerstraat, Pietermaritzburg gehou sal word. Die vergadering sal deur 'n bring-en-braai gevolg word, dus bring vleis en 'n bakkie slaai of wat ookal en sluit aan by jou (dan) nuwe komitee en medeamateurs. Sien julle daar!!

NOORD-WES AMATEURRADIOKLUB AJV

Die algemene jaarvergadering van die Noord-Wes Amateurradioklub vind op Saterdag 6 Augustus 2005 om 17:00 in die Spur restaurant te Klerksdorp plaas.

VOORTPLANTINGSVERSLAG

As gevolg van nuwe verwikkelinge is die voortplantingsverslag ongelukkig hierdie week nie beskikbaar nie.

DAGBOEK VAN GEBEURE

3 Julie - Vandag - Laaste dag van PEARS BHF Digitale en Mikrogolfkompetisie; 9 Julie - Oakdale Midjaar vlooimark 24 Julie - Boland ARK 40 meterkompetisie; 31 Julie - Sluitingsdatum vir nominasies vir toekennings vir Siemens Radioamateur-van-die-Jaar; 20 Augustus - RTA Ope dag by die NARS.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 SAT na Amateur Radio Mirror International op 17 565, 7 205 en 7 082 kHz en op verskeie herhalers te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees is deur vanuit as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereeld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending sluit nou en SARLnuus wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX